

Meer as oorwinnaars

- Ons dank die Here vir die sukses met Susann se skouer operasie. Sy is reeds tuis.
- Trudie Nel is beter nadat sy op suurstof was. Sy het u gebede nodig. Daar is groot besluite wat geneem moet word en ons vra die Vader se leiding hiermee.
- Dit gaan beter met Erika Kambouris nadat sy 'n lelike val gehad het. Ons bid vir haar vinnige herstel.
- Ons dink ook aan almal wat as gevolg van Covid geliefdes afgestaan het en vra die Here se genade oor elke een in ons gemeente.

Baie dankie aan almal wat bygedra het tot die 10de Maand/Oesfees dankoffer.

Ons staan tans op 'n bedrag van R 109 453.93. Ons dank die Vader vir die inkomste aangesien dit ook 'n moeilike jaar vir ons gemeente koffer is.

Ons het die saal Saterdag uitverhuur. As gevolg daarvan sal daar geen tee vanoggend bedien word nie.

Die Aankondiger 6 Desember 2020

- Prediker:** *Ds. Chris Jacobs*
- Skriflesing:** *Sal aangekondig word*
- Tema:** *Sal aangekondig word*
- Liedere:** *Sal aangekondig word.*



Om dissipel te wees - 6

Die owerhede het een doel en dit is om mense te ontmoedig om dissipels of volgelinge of navolgers van Jesus te wees. Hulle gebruik 'n verskeidenheid metodes om vir Helen en ander Christene te dwing om van hulle geloof afstand te doen.

Van die ervarings sluit die volgende in:

- Sy word verbied om oor haar geloof te praat en daarvoor te sing. Wanneer sy weier, gebruik hulle geweld - slaan en skop haar en verneder haar op verskillende maniere.
- Sy word by tye in eensame opsluiting aangehou, hulle hoop dat sy nie die eensaamheid sal kan hanteer nie en so sielkundig geknak kan word.
- By geleentheid word 'n vrou wat erg mishandel is, by haar geplaas. Sy het geweldig pyn en 'n onaangename reuk omring haar - sy is vol wonde en die reuk is as gevolg van haar uterus wat weens die mishandeling uitgesak het. Helen probeer help, maar sonder mediese hulp was dit nie suksesvol nie. Dit bring mee dat Helen min slaap kry en gespanne is.
- Sy oorleef die eensaamheid omdat sy diep bewus was van God se teenwoordigheid in haar eensaamheid. Sy gebruik ook die geleentheid om briewe en liedere van bemoediging te skryf en aan ander gelowiges te stuur. Wanneer sy skryf, gooi sy 'n kombes oor haar sodat die wagte nie kan sien wat sy doen nie.

(Vanaf vorige bladsy)

- Sy bevriend drie katte deur gereeld vir hulle stukkies van haar rantsoen te gee. Die katte dwaal tussen die verskillende skeepshouers rond op soek na iets om te eet. Helen bind haar briewe met toutjies om die katte se nekke vas. Wanneer hulle by 'n sel kom, haal die gelowiges die briefies af en word geestelik versterk.
- Twee jong dames word by Helen geplaas om op haar te spioeneer, en bepaal hoe sy dit regkry om, ten spyte van die mishandeling, steeds weerstand te bied. Deur die Here se genade hou die twee baie van haar en word haar vriendinne en spioeneer nie op haar nie.
- Sy word vals beskuldig dat sy voedsame kos by 'n bewaarder gekry het, en verwag van haar om dit erken. Sy weier, en hulle dreig om haar na 'n sel van mans te skuif.
- 'n Senior amptenaar beskuldig Helen dat Christene anti-regeringsgesind is. Sy ontken dit sê hulle ondersteun die regering en die land deur eerlik belasting te betaal, die regte dinge te doen en militêre diens te doen. Hy word so kwaad en beveel dat sy na 'n sel wat vol in die son staan, verskuif word. Dis ondraaglik warm en toe sy daarvoor kla, sê hulle "Dis jou keuse, teken die dokument, hou op om jou geloof te beoefen, dan word jy vrygelaat – Indien nie bly jy net hier."
- Later meer subtiel - hulle gee haar 'n vorm om te teken. Die woorde daarop is "Ek sal aanhou preek en glo". Sy word gewaarsku dat dit haar laaste kans is, as sy dit teken, lê die ergste voor. Sy is bereid vir die gevolge en teken.
- * Sy word na die gevangenisshoof, Suleiman, geneem. Hy sê sy moet ophou glo, sy weier weer en sê hy kan doen wat hy wil, sy sal God nie verloën nie. Daarop slaan hy haar sistematies elke paar sentimeter van haar liggaam met 'n knuppel, van haar kop tot haar voete. Sy onthou die woorde uit Jesaja 53, en maak geen geluid nie, dit maak hom nog meer woedend.

Sy besef sy is besig om te sterf . . .



**Baie geluk aan almal wat
verjaar :**

6 - 12 Desember

Van	Noemnaam	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Du Toit	Gideon	12/07		0795265978
Knoessen	Rina	12/07	012 6441559	0825191876
Rossouw	Alfred	12/07		0832756758
Venter	JC	12/07		
Venter	Sarel	12/07	012 664 4532	0825093159
Menge	Izelda	12/08		0716424346
Wepener	Jeanré	12/09	083 300 3370	
Crafford	Anadra	12/10		0823094359
De Smidt	Frances	12/10		0824145832
Erasmus	Simone	12/10	012 664 4490	0716718887
Jacobs	Elsa	12/11	012 6644636	0834177847
Kitching	Ferdinand	12/11	012 664 3712	
Moore	Marthie	12/11	012 664 3953	0832618837
Myburgh	Johan	12/11		0815977676
Kalp	Rudolph	12/12		0825677996
Marais	Maricha	12/12	012 664 6960	
Maree	Anneke	12/12	012 664 2393	